

Tema 6: Die barmhartige Samaritaan

GESELS SAAM

1. Wat is jou gunsteling liedjie?
2. Wat is vir jou die belangrikste eienskap van 'n vriend?
3. Noem een van die stukke van die wapenrusting? Kyk of julle al ses kan onthou. (Efesiërs 6:10-18)

LEES SAAM

In hierdie gedeelte vra 'n wetgeleerde vir Jesus 'n baie goeie vraag: "En wie is my naaste?" Jesus se antwoord op die vraag is nog 'n gelykenis, die gelykenis van die barmhartige Samaritaan.

- Lees Lukas 10:25-37

LEER BY MEKAAR

1. Wat in die teksgedeelte het vir jou uitgestaan?
2. Wat is die dinge, wat ander mense doen, wat dit vir jou moeilik maak om hulle lief te hê?
3. Vers 33 sê die Samaritaan het hom "innig jammer gekry", wat is gewoonlik jou eerste reaksie as iemand ander seerkry? Lag jy, draai jy weg, word jy naer, help jy dadelik, roep jy iemand anders?

Onthou, die vraag was: "En wie is my naaste?" Kyk mooi na verse 36 & 37.

4. Antwoord Jesus ooit daardie vraag? Wat doen Jesus met die vraag?

Skool is 'n plek vol goeie dinge, maar ook 'n klomp uitdagings: Boelies, emosionele afkruising, verwerping, ongesonde (en gesonde) kompetisie, groepsdruk, teleurstellings ens. ens. ens.

5. Hierdie gedeelte gaan natuurlik nie net oor fisiese seer nie, op watter verskillende maniere, dink jy, kry mense vandag seer?

Probeer om Matteus 22:37-39 te memoriseer hierdie week.

"CHALLENGE" VIR DIE WEEK

Soek hierdie week iemand by die skool wat hartseer lyk en vra vir hom/haar of hy/sy "okay" is en of daar dalk iets is wat jy kan doen om te help.

Tema 7: Talente

GESELS SAAM

1. Wat, sal jy sê, is jou talente?
2. Watter talente sou jy graag wou hê?
3. Is vakansies goed vir jou verhouding met Jesus? Hoekom?

LEES SAAM

Soos jy seker al agtergekom het is ons besig met 'n paar gelykenisse van Jesus. Gelykenisse is "fiktiewe" stories wat Jesus opgemaak het om vir die mense iets nuuts te leer.

- Lees Matteus 25:14-30

LEER BY MEKAAR

1. Wat in die teksgedeelte het vir jou uitgestaan?
2. Noem 'n paar mense wat jy ken, dalk in jou graad of skool wat regtig baie talente het. Hoe laat hulle jou voel? Is jy saam met hulle bly, of maak hulle jou soms bietjie jaloers?
3. Die man sê in verse 21 & 23 "Oor min was jy getrou, oor baie sal ek jou aanstel." Wat beteken dit vir jou?

Daar is 'n gesegde: "Hoe meer jy het om te doen, hoe meer kry jy gedoen."

4. Maak die gesegde vir jou sin? Het jy dit al ooit self ervaar? Is jy iemand wat gereeld "procrastinate" (*Google dit as jy nie week wat dit beteken nie*)

Jesus is baie ernstig hieroor, as ons nie dit gebruik wat hy vir ons gee nie, mag hy dit dalk wegneem. Ons kry gawes en talente vir 'n rede, om die wil van die Here te doen.

5. Hoe kan jy jou talente, gebruik om Jesus te dien?

Probeer om vers 23 te memoriseer hierdie week.

"CHALLENGE" VIR DIE WEEK

Begin hierdie week iets wat jy nog altyd wou doen. Dalk 'n nuwe stokperdjie, sport of musiekinstrument.

Tema 8: Die Fariseër en die tollenaar

GESELS SAAM

1. Is jy gemaklik daarmee om voor baie mense te praat?
2. Is jy gemaklik daarmee om, hardop, voor ander mense te bid?
3. Het jy 'n gunsteling aanhaling ("quote") van iemand?

LEES SAAM

Vandag gesels ons oor die van mees treffende gelykenisse wat Jesus vertel het, hierdie storie loop oor van genade en radikale liefde.

- Lees Lukas 18:9-14

LEER BY MEKAAR

1. Wat in die teksgedeelte het vir jou uitgestaan?

Mense klink partykeer anders as hulle bid, hulle praat met 'n ander stemtoon, of gebruik vreemde woorde.

2. Het jy dit al ervaar? Hoekom dink jy gebeur dit?
3. Wat dink jy is die verskil tussen 'n lae/swak selfbeeld en nederigheid?
4. Het jy al ooit ervaar dat ander Christene jou oordeel? Hoe het dit jou laat voel en dink jy hulle wat reg gewees?

Die wonder van die tollenaar se gebed is dat dit so eenvoudig en opreg is. Jesus soek eerlike gebede, in gewone taal.

5. As jy sukkel om te bid, vra iemand van die groep om 'n kort en eenvoudige gebed vir jou te doen.

Probeer om die tollenaar se gebed in vers 13 te memoriseer hierdie week.

"CHALLENGE" VIR DIE WEEK

Bid vir iemand hierdie week, by die huis of by die skool, of enige plek waar jy die geleentheid kry. Jy kan selfs vir jou ma, pa, boetie of sussie bid.

Tema 9: Die gelykenis van die saaiër

GESELS SAAM

1. Was jy al ooit op 'n plaas terwyl hulle oes? Hoe was dit?
2. Hou jy daarvan om in die tuin te werk?
3. As jy skoolhoof was, wat sou jy in die skool verander?

LEES SAAM

Jesus het met die mense in baie gelykenisse gesels, een van hierdie was die gelykenis van die saaiër.

- Lees Markus 4:1-9

LEER BY MEKAAR

1. Wat in die teksgedeelte het vir jou uitgestaan?

Die saad wat die saaiër saai val op die ^(a) pad, op 'n ^(b) klipbank, tussen die ^(c) onkruid en in die ^(d) goeie grond.

2. As jy baie eerlik is, waar sal jy jouself plaas?

Lees Markus 4:13-20. Dit gebeur soms dat mense bv. op 'n kerkkamp gaan en dan "aan die brand" vir Jesus is, maar as hulle terug by die huis kom, dan verdwyn daardie opgewondenheid & passie.

3. Hoekom dink jy gebeur dit en hoe dink jy kan mens daardie passie lewendig hou?
4. Wat is die tipe "onkruid" in ons lewens (*in jou lewe*), wat ons verhouding met Jesus versmoor?
5. Jesus sê (in vers 14) die saad in die Woord. Is dit vir jou maklik of moeilik om Bybel te lees op jou eie?

Probeer om Jesaja 55:11 se eerste deel te memoriseer hierdie week

"CHALLENGE" VIR DIE WEEK

Hierdie "website" (<http://www.moravian.org/todays-daily-text/daily-text/>) gee daaglikse teksgedeeltes wat jy kan lees. Probeer die Nuwe Testament gedeeltes hierdie week.

Tema 10: Werkers in die wingerd

GESELS SAAM

1. Het jy al ooit 'n werk vir geld gedoen? Waar?
2. Kry jy belonings by jou ouers vir sport of skoolwerk? Wat is die ooreenkoms?
3. As jy skoolhoof was, wat sou jy in die skool verander?

LEES SAAM

Volgens Psalm 11:7 is die Here regverdig, maar vandag se gedeelte daag dit bietjie uit. Kom ons kyk na die gelykenis van die werkers en die wingerd.

- Lees Matteus 20:1-16

LEER BY MEKAAR

1. Wat in die teksgedeelte het vir jou uitgestaan?

In die flik "Bruce almighty" sê die karakter (Morgan Freeman) wat God speel dat daar iets is aan fisiese handewerk wat ons nader aan God bring.

2. Hou jy daarvan om met jou hande te werk, soos houtwerk, naaldwerk, "arts & crafts", skottelgoed was ens.? As jy doen, hoekom is dit vir jou lekker?
3. Is daar iets waarvan jy so baie hou dat jy dit eendag as 'n beroep sal doen, selfs al is die salaris baie min?
4. Sou jy ongelukkig gewees het as jy een van die werkers was wat heeldag gewerk het? Hoekom?

Die werkgewer was nooit onregverdig nie, hy het die mense wat heeldag gewerk het presies betaal hoeveel hy hulle belowe het. Hy het wel die werkers wat minder gewerk het meer betaal as wat hulle verdien het, bloot omdat hy wou.

5. Waarom is dit so moeilik om saam met ander mense bly te wees as ons nie dieselfde voordeel kry nie? Wat leer dit ons van God se Koninkryk?

Probeer om Psalm 11:7 te memoriseer hierdie week

"CHALLENGE" VIR DIE WEEK

Die eienaar was vrygewig gewees. Wees jy ook hierdie week vrygewig; Gee iets van jouself hierdie week vir iemand. Jou tyd, geld, besitting omgee ens... Wees kreatief.

Tema 11: Jesus maak die storm stil

GESELS SAAM

1. Wat is vir jou lekker, of sleg, van kamp in tente?
2. Wat is jou gunsteling weer of seisoen? Hoekom?
3. Het jy al 'n wonder werk gesien? Wat het gebeur?

LEES SAAM

Ons skuif vandag die fokus van Jesus se gelykenisse na die wonderwerke wat Jesus gedoen het.

- Lees Markus 4:35-41

LEER BY MEKAAR

1. Wat in die teksgedeelte het vir jou uitgestaan?
2. Het jy (of iemand naby jou) al ooit 'n "Near death experience" gehad? Brei uit, wat het gebeur, hoe het dit gebeur, hoe het jy dit hanteer, het dit jou anders laat kyk na die lewe?

Die dissipels moet baie bang gewees het tydens die storm. Om soms bang te wees is eenvoudig deel van die lewe, dit maak jou nie 'n "slegter kind van die Here" nie.

3. Wat is jou groot vrese, of in ander woorde: Waarvoor is jy bang?
4. Hy jy dalk al van jou vrese oorwin? Hoe het jy dit reggekry om dié vrees te oorwin?
5. Is daar dalk "storms" in jou lewe wat jy graag sal wil hê dat Jesus moet stilmaak? As jy gemaklik is, deel dit met die groep en dan bid julle twee-twee vir mekaar.

Na Jesus die storm stil gemaak het, het die dissipels "met groot ontsag" gesê: "Wie kan Hy tog wees dat selfs die wind en die see Hom gehoorsaam?" Mag jy die Here so vertrou dat jy tydens die storm "met groot ontsag" sê: "Wow! Kyk hoe rustig slaap Hy tydens hierdie groot storm."

Probeer om Psalm 46:2 te memoriseer hierdie week.

"CHALLENGE" VIR DIE WEEK

Luister (op youtube) hierdie week 'Ek sal nie bang wees nie' van Joe Niemand en stuur die "youtube link" na een van jou vriende of familielede toe.